

Gemoedsrus, Gesinsbande en Genesing



SABBATMIDDAG

Lees vir Vandeeweek se Studie: *Gen. 42:7-20, Matt.25:41-46, Gen. 42:21-24 en hfst. 45:1-15, Luk. 23:34, asook Gen. 50:15-21.*

Geheueteks: “Julle moenie sleg voel en vir julleself kwaad wees omdat julle my verkoop het nie. God het my gestuur om voor julle hiernat te kom sodat ek mense se lewens kan red” (*Gen. 45:5, ABA*).

Op ’n dag word ’n man daarvan beskuldig dat hy ’n vrou seksueel aangerand het. Die vrou het hom tydens ’n uitkenningsparade uitgewys. Hoewel die beskikbare bewyse teen hom nie juis oortuigend was nie, het die slagoffer volgehou dat Pieter – kom ons noem hom maar so – beslis die skuldige party was.

So is arme Pieter dus tronk toe. Hy het 14 jaar agter tralies gesit vir ’n misdaad wat hy nie gepleeg het nie. Die man is vrygespreek nadat DNS-bewyse aan die lig gekom het. Toe eers besef die vrou – kom ons noem haar sommer Jeanette – haar yslike fout.

Jeanette wou graag vir Pieter na sy vrylating ontmoet. Die arme man het so baie deurgemaak en die vraag was net: hoe sou Pieter reageer wanneer hy van aangesig tot aangesig kom met die vrou wat sy lewe vir jare lank verwoes het?

Sy het hom eenkant, in ’n vertrek, sit en inwag. Toe hy sy verskyning maak, en hulle mekaar uiteindelik in die oë kyk, bars Jeanette in tranes uit.

“Pieter leen vooroor en neem my by die hande. Toe kyk hy na my en sê: ‘Ek vergewe jou.’ Ek kon dit byna nie glo nie. Hier is die man wat ek [jare lank] gehaat het, wie se dood ek begeer het. Noudat hy reg voor my staan, sê hy vir my – ek wat hom ’n reuse onreg aangedoen het – dat hy my vergewe! Vir die eerste keer in my lewe het die ware betekenis van genade begin deurskemer. Eers toe het my heling begin, kon ek ware rus beleef.”

Vandeeweek val die soeklig op vergifnis en wat dit vir die rustelose mens kan doen.

**Studeer vandeeweek se les vir Sabbat die 14e Augustus.*

Vrede met die Verlede

Uiteindelik beleef Josef se lewe 'n omgeswaai – 'n reuse omgeswaai. Hy word nie net vrygelaat nie, maar ook as onderkoning aangestel nadat hy Farao se drome uitgelê het (*Genesis 41*). Hy trou ook en het twee kinders (*Gen. 41:50-52*). Intussen loop Egipte se graanskure oor en die voorspelde hongersnood begin. Toe, op 'n dag, maak Josef se broers hul opwagting in Egipte.

Lees in Genesis 42:7-20 oor die eerste ontmoeting tussen Josef en sy broers. Hoekom dié ingewikkelde plan? Wat het Josef by hierdie eerste ontmoeting probeer regkry?

Josef het basies volmag in Egipte gehad. Indien hy sou besluit om sy broers in eie munt terug te betaal, sou niemand hom teëgaan nie. Tog stel Josef nie in wraak belang nie. Hy is meer besorg oor sy gesinslede doer in sy geboorteland. Josef wonder hoe dit met sy pa gaan. Leef hy nog? Of is sy disfunksionele gesin nou sonder 'n patriarg? En wat van sy broer Benjamin? Benjamin was nou in dieselfde bootjie as wat hy destyds was – die jongste, die een waarin sy pa hom verheug het. Het Benjamin nou die nuwe teiken van sy broers se gevaarlike jaloesie geword? Josef was nou by magte om na dié kwesbare gesinslede om te sien, wat hy inderdaad ook gedoen het.

Om Bybelse beginsels in ons interpersoonlike verhoudings te volg, beteken egter nie dat 'n mens moet toelaat dat andere jou mishandel nie of dat die mishandeling van ware gelowiges aanvaarbaar is nie. Elkeen van ons is kosbaar in die oë van die Here. Aan die kruis het Jesus die hoogste prys vir ons elkeen betaal.

Hoekom is die mishandeling of verwaarlosing van mense vir Jesus so 'n ernstige kwessie? Lees Matteus 25:41-46.

Ons is almal met Jesus se bloed vrygekoop en daarom is ons wetlik gesproke syne. Wanneer iemand mishandel word, is dit dus geweld teen Jesus se eiendom.

Seksuele, emosionele en liggaamlike geweld – hierdie dinge mag nooit deel van die gesinslewe wees nie. Dit is nie bloot 'n privaat probleem wat net binne gesins- of familieverband uitgesorteer behoort te word nie. Nee, dit vereis hulp en ingryping van buite. Kry betroubare, professionele hulp as jy of 'n gesins-/familie lid op een of ander manier mishandel word.

Noem party van die bybelbeginsels wat 'n mens behoort te volg ten einde enige interpersoonlike probleme in die gesin aan te spreek.

Vorbereiding vir Vergifnis

Josef het sy broers vergewe. Ons weet nie presies wanneer dit gebeur het nie, maar duidelik het 'n lang tyd verloop voor hul terugkeer. Josef sou waarskynlik nie in Egipte kon gefloreer het sonder vergifnis nie. Woede en bitterheid sou oorgeneem het, wat uiteindelik sy psige en sy band met God sou verwoes het.

Let in dié verband op etlike studies oor die slagoffers van geweld. Dit beklemtoon 'n belangrike feit – naamlik dat vergifnis 'n sleutelfaktor in die pad na innerlike heling en persoonlike herstel is, spesifiek vir diegene wat ernstige liggaamlike trauma deurgemaak het. So, sonder vergifnis bly jy 'n slagoffer. Vergifnis het meer te make met die een wat vergewe, as met die een (of die persone) wat vergewe moet word.

Hoewel Josef sy broers vergewe het, is hy nie bereid om te maak asof niks gebeur het nie. Hy moes sien of sy broers verander het – of was hulle nog presies dieselfde mense wat hom in die put by Dotan gegooi het?

Wat hoor hy sy broers in Hebreeus sê? Lees Genesis 42:21-24. Wat ontdek hy oor sy broers?

Die gesprekke tussen die Egiptiessprekende Josef en sy Hebreeussprekende broers het deur 'n tolk geskied. Sy broers het nie besef dat Josef kon verstaan wanneer hulle Hebreeus met mekaar praat nie. So hoor hy toe sy broers se belydenis. Hulle het destyds ontslae van hom probeer raak sodat hy hulle nie meer by hul pa kon gaan verklik nie. Die broers het gemeen dat hulle sodoende nie na sy drome sou hoef te luister nie en ook nie hoef te aanskou hoe hy hom verkneuter in sy rol as pappa se witbroodjie nie. Tog het dit hulle geen sielsrus gebring nie. Na al die jare sit Josef se broers knaend met 'n skuldige gewete. Hul misdaad het tot 'n rusteloosheid gely en die oorweldigende vrees dat God hulle sou straf. Ten aanhoor van dié sielsangs, kry Josef sy broers nietemin jammer. Meteens is hy diepbewoë.

Josef besef dat die hongersnood nog 'n hele paar jaar gaan voortduur. So dring hy daarop aan dat hulle volgende keer Benjamin moet saambring wanneer hulle graan kom koop (*Gen. 42:20*). Boonop dwing Josef sy broers om Simeon te laat agterbly in Egipte, terwyl hulle terugkeer huis toe (*Gen. 42:24*).

Na hul terugkeer sien hy dat Benjamin steeds lewendig is en reël 'n fees waarin die tweedejongste ooglopend voorgetrek word (*Gen. 43:34*), want hy wou sien of die jongste steeds onder sy broers se jaloesie moes deurloop. Gelukkig bespeur Josef geen teken van jaloesie by hulle nie. Tog besef Josef hoe uitgeslape hulle kan wees. Sy broers het, per slot van rekening, al 'n ganse dorp om die bos gelei (*Gen. 34:13*). Waarskynlik het hulle ook vir sy pa gejok oor wat met sy geliefde jongste gebeur het (*Gen. 37:31-34*). So beraam Josef toe 'n laaste slim plan om hulle te toets. (*Vgl. Genesis 44.*)

Lees Genesis 45:1-15. Wat sê dit vir ons oor Josef se gevoelens teenoor sy broers en die vergifnis wat hy hulle geskenk het? Watter lesse behoort ons uit hierdie verhaal te leer?

Vergewe en Vergeet?

Vergifnis kan soos volg gedefinieer word: die gewilligheid om 'n mens se regmatige gegriefdheid teenoor 'n oortreder of 'n groep mense wat verkeerd opgetree het, insluitende die verwerping van daardie persoon en die wraak waarop jy geregtig is, te laat vaar. Dr. Marilyn Armour is 'n gesinsterapeut wat gewerk het met persone wat die massamoord op die Jode tydens die Tweede Wêreldoorlog oorleef het. Sy wou uitvind hoe die oorlewendes sin van dié trauma gemaak het, en skryf: “Op die keper beskou, is vergifnis 'n doelbewuste daad komende van die slagoffer. Dit is nie iets wat vanself gebeur nie.”

Vergifnis beteken ook nie dat die gevolge sommer soos mis voor die son verdwyn nie. Dit beteken nie dat 'n mens 'n oortreder toelaat om sy/haar mishandende gedrag voort te sit nie. Daarenteen beteken vergifnis dat jy jou wrok en jou begeerte om wraak te neem aan die Here oorgee. Andersins sal die woede, die bitterheid, die gebelgdheid en die haat die oortreder/oortreders se misdaad soveel erger maak.

Wat doen dit vir 'n mens wanneer jy andere vergewe? Oorweeg die woorde in **Matteus 18:21-35**.

'n Mens moet leer om ander te vergewe. Een van die sleutels tot dié proses is die besef dat ons almal, in Christus, vergifnis van Bo ontvang het. Elkeen van ons het gesondig, en nie net teen mekaar nie, maar ook teen die Here.

Elke sonde is, inderdaad, 'n sonde teen ons Skeppergod. Tog kan ons in Jesus op algehele vergifnis vir al ons sondes aanspraak maak – nie omdat ons dit verdien nie, want ons verdien dit gewis nie – maar slegs danksy die genade wat God ons skenk. Sodra 'n mens hierdie groot bybelwaarheid begryp, sodra jy daardie vergifnis jou eie maak, sodra jy God se vergifnis as 'n werklikheid eerstehands beleef – kan jy die wrok laat vaar en andere begin vergewe. Dan vergewe jy nie omdat die skuldige party/ partye dit verdien nie, maar omdat ons self vergifnis van Bo ontvang het en dit iets is wat ons self ook benodig. Buitendien, hoe dikwels verdien ons self ook vergifnis?

Soos ons ook in vandag se bybelverhaal gesien het, het Josef sy huismense 'n tweede kans gegee. Hy koester nie 'n wrok teen hulle nie. Nee, hy graaf nie ou koeie uit die sloot nie.

Dit is bykans onmoontlik om mekaar te vind in 'n gesin waarvan die lede kenners op die gebied van seermaak geword het. Nietemin beveg Josef nie sy eie pyn deur ander te pynig nie. Dit lyk hier of hy die seerkry in die verlede wil laat, en in liefde en met 'n gees van aanvaarding wil aanbeweeg. As Josef 'n ongewewensgesinde houding ingeneem het, sou hierdie storie op 'n ander, heelwat ongelukkiger noot geëindig het..

“Welgeluksalig is hulle wie se ongeregtighede vergewe en wie se sondes bedek is. Welgeluksalig is die man aan wie die Here die sonde nie toereken nie” (Rom. 4:7 en 8, OAB). Wat ontvang ons, volgens Paulus, deur Jesus Christus? Hierdie wonderbare belofte raak die wyse waarop ons diegene behandel wat ons seergemaak het. Watter invloed het dit op ons optrede teenoor diesulkes?

Vergifnis in Praktyk

Ten einde andere te vergewe, moet 'n mens erken dat jy seergemaak is. Dit is soms moeilik omdat die meeste mense meer geneig is om die gevoelens te onderdruk as om daardeur te wil werk. Dit is nie verkeerd om jou onchristelike gevoelens – soos gebelgdheid en woede – voor God te bely nie. Die psalmdigter gee dikwels uiting aan sulke gevoelens. Ek kan met die grootste vrymoedigheid aan God sê: ek hou nie van hierdie ding wat gebeur het of hoe so-en-so my behandel het nie, en dat dit my hartseer of kwaad maak (of dat dit my selfs beide hartseer en kwaad maak).

Let op Josef se verhaal, hoedat hy bewoë raak toe hy sy broers na al die jare weer sien, en deur ou gevoelens gekonfronteer word.

Wat sê Jesus se woorde aan die kruis vir ons oor die tydsberekening van sy vergifnis? Lees Lukas 23:34.

Jesus het nie gewag dat ons Hom eerste om vergifnis moet vra nie. Ons hoef nie te wag dat diegene wat ons te na gekom het ons eers om vergifnis moet vra nie. Insgelyks kan ons andere vergewe sonder dat hulle eers ons vergifnis hoef te aanvaar.

Lees Lukas 6:28 en Matteus 5:44. Wat sê hierdie gedeeltes, hoe behoort ons op te tree teenoor diegene wat ons seermaak?

Vergifnis is net soos liefde: dit is 'n doelbewuste besluit en nie 'n gevoel nie. 'n Mens kan kies om te vergewe selfs al strook dit nie met die gevoelens wat jy ervaar nie. Tog weet die Here dat die krag vir so 'n besluit nie in die mens te vinde is nie, maar wel by God, “want by God is alle dinge moontlik” (*Mark. 10:27, NAB*). Dit is hoekom ons aangesê word om te bid vir diegene wat ons seergemaak het. Soms is die oortreder alreeds oorlede, maar 'n mens kan steeds bid vir die vermoë om hom/haar te vergewe.

Vergifnis is gewis nie maklik nie. Die leed en skade wat iemand 'n mens aangedoen het, is soms so verpletterend dat dit jou kreupel, gebroke en in pyn laat. Nietemin sal die heling kom as jy dit wel in jou lewe toelaat. Om egter aan bitterheid, woede en gebelgdheid vas te klou, sal daardie heling geweldig bemoeilik, dalk in so 'n mate dat herstel buite die kwessie is.

Die kruis is die beste voorbeeld van die groot prys wat God betaal het om die mens te vergewe. As die Here ter wille van ons daardie vergifnisproses kon deurmaak – en boonop met die wete dat baie Hom nietemin sou verwerp – kan ons beslis ook leer om andere te vergewe.

Wie moet jy leer om te vergewe – selfs al is dit net ter wille van jouself?

Hoe om Rus na Vergifnis te Vind

Josef se pa-hulle kom uiteindelik in Egipte aan. Duidelik is al die nare dinge van die verlede op die lappe gebring. Toe Josef se broers noem dat die seun wat veronderstel was om te dood te wees nou die onderkoning van Egipte is, kon hulle seker nie anders as om hul skuld te bely nie – hulle het Josef destyds aan slawehandelaars verkoop.

Hoewel die band tussen oortreder en slagoffer nie altyd herstel kan word nie, en in party gevalle liefis nie herstel behoort te word nie, beteken dit nie dat vergifnis buite die kwessie is nie. Weliswaar kan 'n mens nie altyd die persoon wat teen jou oortree het, omhels en saam met hom/haar huil nie. Tog kan jy jou vergifnis met die gesproke of geskrewe woord uitdruk. Dit is by daardie geleentheid dat 'n mens die pyn algeheel – of so algeheel as wat vir jou moontlik is – moet laat vaar. Miskien sal daar altyd 'n bietjie pyn oorbly, maar ten minste bewandel 'n mens die pad na heling en herstel.

Lees Genesis 50:15-21. **Waaroor is Josef se broers bekommerd hier, en waarom? Wat sê hierdie vrees vir 'n mens oor hulle?**

Josef se broers het reeds 17 jaar lank in Egipte gewoon (*Gen. 47:28*). Tog is hulle skielik bang toe Jakob te sterwe kom: gaan Josef hulle nou in eie munt terugbetaal? Hulle besef opnuut hoeveel pyn hul broer besorg het. Tog verseker Josef weereens sy broers dat hy hulle destyds, en nou weer na hul pa se dood, vergewe het. Hierdie herbevestiging van vergifnis was seker goed vir Josef, en ook vir sy broers.

As die wonde diep is, sal 'n mens waarskynlik die oortreder etlike kere moet vergewe. Sodra die seerkry van die verlede by 'n mens kom spook, moet jy dadelik op jou knieë gaan en kies om opnuut te vergewe.

Lees Genesis 50:20. **Hoe verklaar hierdie teksvers – wel te minste gedeeltelik – hoekom Josef bereid was om sy broers te vergewe vir die onreg wat hulle hom destyds aangedoen het?**

Josef het vas geglo dat sy lewe deel was van God se groot plan om die bekende wêreld van destyds van hongersnood te red, ook dat hy sy pa-hulle en die res van die familie moes help om God se groot belofte te vervul, naamlik dat Israel 'n groot volk sou wees. Die wete dat God sy broers se bese plan omseil het en dit ter wille van die goeie, het Josef gehelp om te vergewe.

Josef se verhaal het 'n goeie einde, maar wat nou van verhale wat nie op 'n goeie noot eindig nie? Kan mens – om nou 'n langtermynbeskouing te volg – sê dat die einde van sonde en die groot stryd, wanneer alle probleme op aarde opgelos gaan word, sulke tragiese verhale se positiewe noot is? Hoe kan dit gelowiges help om dinge te hanteer wat op 'n minder aanvaarbare slot uitloop?

Stof tot Nadenke: “Net soos Josef deur sy eie broers aan heidene verkoop is, is Christus deur een van sy eie dissipels aan sy grootste vyand verkoop. Josef is valslik beskuldig en in die tronk gestop, en dit omdat hy ’n deugdelike persoon was. Net so is Christus verag en verwerp omdat sy lewe, wat van regskenning en selfontsegging getuig het, ’n teregwysing vir ander was. Tog is Hy, wat totaal onskuldig was, op grond van vals getuienis ter dood veroordeel. Josef se geduld en sagmoedigheid te midde van ongeregtigheid en onderdrukking, sy snelle vergifnis en edele goedhartigheid teenoor sy bloedbroers, stem ooreen met die Heiland se klagtelose uithouvermoë terwyl hy die opsetlike venyn en mishandeling van bese mense getrotseer het. Josef se vergewensgesindheid laat dink ’n mens ook aan dié van Christus, Christus wat nie net sy moordenaars vergewe het nie, maar ook dié wat soekende na begenadiging belydend tot Hom gaan” (Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, pp. 239 en 240).

“Vir onvergewensgesindheid is daar geen geldige rede nie. Elkeen wat onvergewensgesind teenoor sy/haar medemens is, toon daarmee dat hulle nog nie God se grote genade deelagtig geword het nie. In God se vergifnis word die hart van die fouterende party nader aan die Vaderhart van oneindige liefde gebring. Medelye van Bo spoel oor die sondaar se wese, en raak ander mense. Die tederheid en genade wat Christus in sy eie kosbare lewe weerspieël het, sal ook sigbaar word in die lewens van diegene wat deelgenote van sy genade geword het” (Ellen G. White, *Christ’s Object Lessons*, bl. 251).

Besprekingspunte:

- ① Iemand het eenmaal gesê: “Onvergewensgesindheid is soos wanneer ’n mens gif drink in die hoop dat die ander persoon sal doodgaan.” Wat beteken dit?
- ② Wat was die doel van al die ingewikkelde planne wat Josef in aanloop tot die bekendmaking van sy identiteit beraam het? Hoe het dit hom en ook sy broers gehelp?
- ③ Josef se hoofamptenaar (oftewel “die opsigter oor sy huis”) het seker geweet van party van die slim planne wat Josef vir sy broers beraam het (byv. *Gen. 44:1-12*). Watter uitwerking het mense wat mekaar vergewe op die buitestaanders wat dit aanskou?
- ④ “Die Here lei nooit sy kinders na plekke waar hulle nie wil wees nie. As ons net die einde voor die begin kon sien, en die glorieryke einddoel van ons strewe as medewerkers van die Here kon verstaan, sal ons dit besef” (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 224 en 225). Dink aan jou eie lewe terwyl jy dié woorde bepeins. Hoe help dit ’n mens om die stryd en beproewing van die lewe te trotseer?